# Les 16 JESUS IS ONS DINAMO IN DIE HEMEL: HY DRAAI ONS SONDESKULD OM NA VRYHEID OM VIR GOD TE LEEF

## 1. God laat sondaars vir hulle sonde betaal

Met hierdie les gaan ons 'n bietjie die boek Hebreërs saam met die brief Galasiërs lees.

### 1.1 Sonde kan net met die dood reggemaak word

Lees Hebreërs 9:22:

*"Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergifnis plaas nie."*

Om iemand se bloed te vergiet, beteken om hom dood te maak. Volgens hierdie vers kan daar net een manier wees waarop sondes vergewe kan word: dit is deur iemand dood te maak vir sy sonde.

### 1.2 Hierdie dood moet 'n offer wees

Lees Hebreërs 9:7:

*"Maar in die agterste gedeelte het alleen die hoëpriester ingegaan, en dit net een keer in die jaar, en dan nie sonder bloed nie, om vir homself te offer en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het."*

Die priester in die Ou Testament het die bloed in die tempel ingevat as 'n teken van 'n offer vir God. Hierdie twee sake gaan altyd hand aan hand: bloed en offer. God eis dit. Godself het dit van die begin af so geëis. Die dood wat God eis vir sonde, moet 'n offer wees.

### 1.3 'n Offer is 'n boete wat iemand betaal omdat God Hom afkeer

Lees Hebreërs 3: 10 en 17:

*"Daarom het Ek 'n afkeer van hierdie geslag gekry...."* en *" En van wie het God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het ..nie"*

| Om 'n boete te betaal, is om iets weg te gee vir niks nie. |
|---|

Jy gee jou geld vir 'n boetekaartjie en wat kry jy daarvoor? Niks nie! Die boete wat God vra vir sonde – is die mens se lewe. Die mens moet doodgaan en sy lewe moet gegee word – vir niks nie. Dit is die offer wat God vir sonde eis.

Hoekom?

Omdat God sonde afkeur en Homself van sondaars afkeer. God kan nooit van sonde hou of dit goedkeur nie. God keur sonde altyd af, en daarom keer Hy Homself weg van mense wat sonde doen.

Dit is wat God doen as Hy eis dat sondaars met die dood vir hulle sonde moet boet. Dat hulle lewe as offer gevat moet word. Hy keer Homself weg van sonde en sondaars.

**2. <u>Hoekom eis die Here 'n offer vir sonde?</u>**

Kom ons lees Heb.3: 7-9:

*"[7] Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: "Vandag, as julle sy stem hoor, [8] moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het. [9] Daar het hulle My op die proef gestel en uitgetart, hoewel hulle veertig jaar lank gesien het wat Ek vir hulle gedoen het."*

Sonde is nie maar sommer 'n onskuldige fout wat 'n mens begaan nie. Sonde is om God op die proef te stel en Hom uit te tart.

Kinders doen dit baie met ouers! Hoekom doen kinders baiekeer stoute dinge? Hulle wil kyk of hulle pa en ma nie maar tóg sal toelaat dat hulle dit doen nie, al sê hulle vir die kinders hulle moenie. Dit is op die proef stel. Om te kyk of hulle dit nie maar tóg sal goedkeur op die ou einde nie.

Dit is wat mense in hulle sonde doen. Hulle weet God het gesê hulle moenie, maar hulle doen dit tog maar omdat hulle glo Hy sal dit tog wel op die ou einde maar goedkeur. Mense dink God sal sonde goedkeur en aanvaar.

'Uittart' beteken dat mense dink God moet maar van hulle hou, al doen hulle sonde. Hulle dink God is afhanklik van hulle liefde, en daarom sal Hy hulle tog maar op die ou einde moet aanvaar, al doen hulle sonde.

Die mens doen sonde om te kyk of God nie maar op die ou einde, net soos hulle, van sonde hou en van sondaars hou nie. Al sê Hy dit is verkeerd en Hy het 'n afkeer in sonde. Hulle glo God is maar ook net so sleg soos hulle, al sê Hy Hy keur sonde af.

Daarom laat God mense vir hulle sonde boet!

Omdat hulle geglo het Hy sal dit maar goedkeur en aanvaar, al sê Hy dit is vir Hom verkeerd.

**3. <u>Die teenoorgestelde van 'n offer eis, is om opgeëis te word</u>**

Kom ons lees Hebreërs 10:10 en Gal. 1:15.

Heb. 10:10: *"[10] Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd."*

Gal. 1:15: *"Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep."*

In al twee hierdie gedeeltes word gesê dat God ons vir Hom afgesonder het. Om iemand vir jouself af te sonder, beteken jy maak iemand joune.

Dit is presies die teenoorgestelde van om 'n offer te eis.

Om iemand vir jouself af te sonder, beteken jy eis so ŉ persoon vir jouself op. Om iemand op te offer, beteken dat jy hom prysgee.

As die Here ons opeis, dan beteken dit dat Hy nie 'n afkeur het in ons nie, maar dat Hy ons gunstig is. Om die Here se guns te geniet, is presies die teenoorgestelde van om Sy afkeur te ervaar.

**4. Jesus is ons dinamo: Hy is heilig, skuldloos en sonder smet, maar is deur God afgekeur**

Kom ons lees Hebreërs 7:26 en 27:

*"26 Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele, 27 een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het."*

Onthou hoe werk 'n dinamo: dit draai alles die hele tyd om!

Kyk hoe sê hierdie vers dit: Jesus draai alles om!

- Jesus is heilig. Dit beteken Hy doen alles op so ŉ manier dat God daarvan hou. Hy is sonder skuld. Hy het God nooit uitgetart of versoek om van sonde te hou, of dit goed te keur nie.
- Jesus is sonder smet. Dit beteken Hy het nooit iets gedoen waarin God 'n afkeer gehad het nie.

Wat het Jesus met Homself en Sy lewe gedoen?

Hy het dit vir ons sondes geoffer. Hy het niks van Sy eie lewe gehad nie. Die guns wat God vir Jesus gehad het, het Hy nooit gekry nie. Hy het die Here se guns opgeoffer, en so Sy lewe as boete gegee.

As Jesus Sy lewe as offer gegee het, dan beteken dit dat Hy God se afkeer in ons sonde gekry het. Dit wat na ons kant toe moes kom, het na Sy kant toe gegaan. Hy het dit net mooi omgedraai, net soos met 'n dinamo.

**5. Jesus is ons dinamo: God eis ons vir Homself op, al is ons sondaars**

Kom ons lees Lees Heb. 10: 10 en 14:

*"10 Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd." en " 14 Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak."*

God die Vader moes Jesus vir Homself opeis, want Hy was heilig, skuldloos en sonder smet.

Wat doen God nou volgens vers 10? Hy doen dit wat Hy met Jesus moes doen – met ons! Hy sonder óns vir Homself af.

Wat maak God met ons skuld? Hy maak ons vir altyd vry daarvan. Dit beteken al die sondes wat ons al gedoen het, en al die sondes wat ons nog gaan doen – sal nooit maak dat God ons afkeer nie. Hy het nie 'n afkeur in ons nie. Hy is gunstig teenoor ons en ons geniet elke dag Sy guns.

Hoe kan God ons in Sy guns neem? Omdat Jesus ons dinamo is. Dit is wat Jesus moes kry, maar dit draai om na ons kant toe.

Al is ons sonde hóé vuil en afstootlik, vir God hoef ons nooit bang te wees dat Hy ons afstootlik sal vind nie. Hy vind ons nie afstootlik nie, Hy sonder ons mét ons afstootlikheid en al, vir Sy guns af.

Hoe? Deur Jesus wat vir ons geoffer is. Hy het vir ons gesterf. Hy het die afstootlikheid op Hom geneem. Na Hom toe gedraai.

**6. Ketels kan maar net glo in die opwekker – hulle maak nie opofferings vir hulle sonde nie**

Kom ons lees Hebreërs 10:18 en 21 tot 23:

*"18 Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie. en "21 En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."*

Baiekeer voel ons só afstootlik vir die Here oor ons sonde, dat ons probeer om God se guns weer met 'n offer en opoffering te wen.

- Ons gee dan ons hart vir die Here as offer vir ons sonde.
- Ons gee ons lewe vir die Here as 'n offer vir ons sonde.
- Ons gee ons tyd vir die Here as 'n offer vir ons sonde.
- Ons gee ons maats vir die Here as 'n offer vir ons sonde.

As ons hierdie sake vir die Here as 'n offer vir ons sonde gee, dan sê ons dat ons dit nie meer wil hê nie, en dat ons nie meer iets daarmee gaan doen nie. Ons gee dit vir die Here dat hy dit maar kan kry en daarmee kan maak wat Hy wil.

Met hierdie opofferings probeer ons God draai om ons nie afstootlik te vind nie. Met hierdie opofferings dink ons dat ons weer God se guns kan wen.

Wat sê Heb. 10:18 van sulke offers?

Dit sê dat ons nooit ooit vir God sulke offers hoef te gee nie. Ons hoef nooit ons hart, ons lewe, ons tyd en ons vriende aan die Here op te offer vir ons sondes nie.

Hoekom nie?

Want Jesus het kláár so ŉ offer gegee, en Sy offer wat Hy vir ons sondes gegee het, is heeltemal genoeg vir God om ons vir altyd vir Hom af te sonder, nie af te stoot nie.

Al wat ons hoef te doen – is om maar net te glo in Jesus wat alles vir ons in die Hemel omdraai.

Hebreërs sê Jesus is ons priester in die Hemel. Dit beteken ons kan Hom vertrou om dinamo in die Hemel te wees. Hy sal altyd ons afstootlikheid omdraai na Jesus, en God se guns vir Jesus, na ons toe draai.

Ketels hoef nie iets te doen, offers te bring, om die dinamo te laat draai nie. Dit draai vanself. Jesus draai vir ons die offer en skuld om, vanself. Sonder dat ons iets as offer moet gee.

**7. <u>Die dinamo laat die ketel kook: vry om vir God te leef</u>**

Die elektrisiteit wat deur die Evangelie na ons toe kom tot binne-in ons harte, is God se guns. Nooit kom daar ooit deur die Evangelie, die bruindraad, afkeur na ons toe nie. Al is ons vuil en stukkende ketels.

Wat gebeur met so ŉ vuil ketel as daar elektrisiteit in hom invloei? Hy kook water. Al is hy binne vol aanpaksels, al is hy vol vlekke en vuil kolle. Dit is die krag uit die dinamo wat die element laat warm word. Nie die skoonheid en vlekkeloosheid van die ketel nie.

Net so gebeur dit met ons!

Kom ons lees Gal. 2:19 tot 20:

*"19 Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, 20 en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."*

God bewys Sy liefde vir ons deur alles om te draai: Jesus lê Sy lewe af vir ons. Ons hoef nie vir ons sonde te boet met 'n offer nie. Wie het ons dood gesterf wat ons moes sterf? Jesus het!

Wat maak ons nou met ons lewe? Ons leef dit vir God, wat ons vir Homself afgesonder het.

Gal. 5:1: *"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie."*

Kom ons kyk weer na die ketel. Binne kan hy vol afstootlike aanpaksels wees, buite vol vuil merke en vlekke. Beteken dit dat so ŉ ketel nie krag uit die bruindraad sal kry nie? Nee, maak nie saak hoe vuil nie, net solank hy ingeprop is in die bruindraad, sal hy krag ontvang om te werk uit die dinamo.

Net so: net solank ons leef in die geloof in Jesus wat ons afkeur vir ons afstootlikheid op Hom geneem het, sodat ons vir God afgesonder is, net solank is ons vry om vir God te leef.

Ten spyte van al die afstootlike vuil gedagtes, begeertes en wense binne-in ons, en al die vuil kolle en vlekke op ons lewe, nes ketels, is ons vry om vir God te werk met ons talente – want ons is met die Evangelie vasgekoppel aan Jesus: met die bruindraad vas aan die dinamo.

**8. <u>Porseleinketels is slawegodsdiens</u>**

Julle gaan nog baiekeer hoor dat mense vir julle sê dat julle nie vir God kan leef en dat julle nie vir Hom afgesonder is nie, voor julle nie al julle afstootlike gedagtes en al die vuil in julle lewe uitgelos en skoongemaak het nie.

Dit is weer die porselein- en ysterpot-godsdiens!

Paulus noem dit in Gal. 5:1 'n slawejuk-godsdiens. Is dit regtig sulke mooi teepotte en skoongeskuurde ysterketels wat kan water kook? Nee, dit is ketels wat die koord in hulle inkry.

Stel jou voor jy sê vir 'n ketel wat binne vol kalk aangepak is en buite vol vuil kolle is, hy kan net werk as hy altyd silwerskoon is en silwerskoon bly! Dan sal hy nooit vry wees om water te kook nie. Hy sal altyd te bang wees vir die vuilheid wat hy gaan optel, binne en buite.

Daarom leef ons met 'n nuwe vryheid. Jesus draai alles om sodat, al is ons harte baie keer aangepak met afstootlike begeertes en gedagtes en al is ons lewe vol vuil kolle – solank as wat ons harte glo in die Evangelie, sal God die krag van Jesus in ons in laat vloei om vir Hom te leef as sondaars.

Jesus het ons vir Homself afgesonder en ons is vry om vir Hom te leef – al is ons ketels vol aanpaksels en vuil kolle.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog